# WALVISROETE GROEP 2 - 2022

| | | | |
|---|---|---|---|
| **ROETE:** | Walvis 5 dag roete | **DATUM:** | 25-28 Junie 2022 |

**KOMMENTAAR**

11 van ons kom by die Potberghut bymekaar by die De Hoop Natuurreservaat, alhoewel 'n paar van ons bietjie oppad verdwaal het. Ons gaan deur die inligtingsessie en mik hut toe. Ons begin om ons kratte te pak en daar is baie gewonder of ons alles gaan inkry. Almal kom darem reg. Dit reën ook verskriklik en ons wonder hoe gaan dit met die groepie wat die dag voor ons begin het. Dag 1: Ons begin lekker vroeg die oggend te stap. Ons klim rustig op totdat ons uiteindelik Potbergpiek bereik. Ons stap verder en die Kaap aasvoël vlieg laag oor ons koppe. Die uitsigte oor die Breederivier is ook asemrowend. Ons kom uiteindelik by Cupido'skraal se huisie aan waar ons lekker rustig vertoef. Dag 2: Ons stap weer met 'n op to bo-op die berg voordat ons met die plato langs stap. Ons stap rustig oor die vlaktes en deur die Proteas voordat ons uiteindelik by die kus aankom en Noetsie se huisie gewaar. Ons verkeer weer lekker rustig die aand gesellig om die vuur. Dag 3: Ons stap van Noetsie se huisie al langs die kus terug in die rigting van De Hoop. Ons sien walvisse en dolfyne baljaar in die branders. By Stilgat geniet ons ons 'n lekker breek en verken die grotte in die area. Paar van ons sien kans om in die yskoue water te swem. Ons kom by Hamerkophut aan en kuier weer lekker rustig die aand. Dag 4: Van Hamerkophut stap ons seelangs op die strand. Ons stap verby Lekkerwater-lodge, waar ons nie vir hulle mag kyk nie. Ná die strand stap ons aan met die paadjie en dis toe waar ons 'n lekker groot pofadder raakloop. Ons sien nog walvisse en dolfyne ook. Uiteindelik kom ons by Vaalkrans aan. Dag 4 is omtrent 'n km langer as die aangeduide km. Ons verkeer weer gesellig. Dag 5: Ons staan lekker vroeg op en pak die roete aan. Ons stap lekker rustig met die paadjie langs. By een van die strande stop ons en die wat waaghalsig genoeg is swem so bietjie in die see. Van daar is dit die laaste stap tot by die Koppiealeen parkeerarea. Klimhoogte: 1830m

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Werner Dalziel | 2022014 | R 25 | 59 | |
| Beulagh Keulder | 2022021 | R 25 | 59 | |
| Estelle Zietsman | 2022018 | R 25 | 59 | |
| Belinda Miller | Nie-lid | R 50 | 59 | |
| Helen Kriel | 2022053 | R 25 | 59 | |
| Esther Warnich | 2022092 | R 25 | 59 | |
| Werner Booyens | 2022042 | R 25 | 59 | |
| Brenda Sideratos | 2022041 | R 25 | 59 | |
| Mariette Nortje | 2022032 | R 25 | 59 | |
| Hester Genis | Nie-lid | R 50 | 59 | |
| Lizette van der Merwe | 2022100 | R 50 | 59 | Het R25 te veel betaal |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **R 350** | **649** | |

| | |
|---|---|
| **NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN:** | NVT |
| **ITEMS GEBRUIK:** | |

| NAME OP WAGLYS | |
|---|---|
| Geen | |
| | |

| | |
|---|---|
| **VERSLAG DEUR:** | Werner Dalziel |